

God is by ons.

Teks: Handeling 2:1-36

Hulpmiddels:

- Flitskaarte met die woorde: “Ag nee”, “Jippie” en “Nee, Hy is nog nie hier nie”. Hierdie bordjies word opgehou vir die kinders en hulle moet dit op die gepaste tye hardop saam sê.
- Strandballe of ballonne
- Vere
- Pen en papier
- Karton om waaiertjies te maak
- Stokkies om waaiers aan vas te maak
- Rooi, oranje en geel papier of gewone papier en rooi, oranje en geel kryte
- Karton vir boekmerke



WELKOM

1. Gee vir die groep strandballe of ballonne en hulle moet dit in die lug hou deur dit met hul hande te slaan. (Een kind mag nie 2 keer na mekaar die bal slaan nie, anders is hy uit.) Die bal/ballon mag glad nie op die grond kom nie. Speel 'n volgende rondte waar hulle met enige deel van hul liggame die balle/balonne mag slaan, maar NIE hul hande mag gebruik nie.

2. Gee vir hulle 'n paar vere wat hulle in die lug moet hou deur dit te blaas. Vir hierdie aktiwiteit moet die kinders op die grond of in 'n groepie sit. Weereens mag hulle nie 2 keer na mekaar dieselfde veer blaas nie en hulle mag met geen ander deel van hul liggaam aan die veer raak nie.

3. Wind is lug wat beweeg. Die groepies moet so vinnig as moontlik aan verskillende maniere dink om lug te laat beweeg. (Sing, praat, met arms waai, rondspring, 'n waaier, ens.) Hulle moet dit neerskryf en dan kyk ons watter groepie kry die meeste maniere om lug te laat beweeg.

Die aktiwiteite is 'n inleiding vir die feit dat die verskyning van die Heilige Gees in die Bybel dikwels gepaard gegaan het met wind.



WYDING

Temalied: Kingdom rock: “We will stand together”

Sing ook: “Weet jy nie, weet jy nie...”

“Ek is 'n huis” (Soekie)

Stilword-tyd: Die kinders maak hul oë toe. Elkeen maak soos 'n wind wat waai. Maak nou die geluid al sagter totdat dit doodstil is. Maak jou oë toe en sien in jou gedagtes 'n prentjie waar jy saam met Jesus loop. Voel hoe die wind saggies deur jou hare waai en hoor hoe die blare van die bome ritsel. Hou vas Jesus se hand en kyk vir Hom. Jy kan vir Hom enigiets vra of vertel wat jy wil.



WOORD

Verlede keer het ons gehoor dat Jesus terug is hemel toe. Hy het sy dissipels alleen op die aarde gelos. (Ag nee).

Maar voordat Jesus weg is, het Hy belowe dat God lemand sal stuur om die dissipels te help en by hulle te wees (Jippie). Hy het gesê dat die dissipels in Jerusalem moet wag totdat hierdie lemand kom. (Ag nee).

Ek wonder of jy al lank vir iets moes wag. (Gee kans vir die kinders om te reageer. Voorbeelde: 'n verjaarsdag, Kersfees, om

skool toe te gaan, vir 'n bababoetie of -sussie om te kom, ens.)

Ek wonder of dit vir julle lekker is om baie lank te wag vir iets waarna jy uitsien. *(Gee kans vir reaksie.)*

Nee, gewoonlik is dit nie lekker om te wag nie. Hoe lank dink julle moes die dissipels wag voordat hierdie spesiale iemand gekom het? *(Wag vir reaksie.)*

Nadat Jesus weg is hemel toe, moes die dissipels 10 dae wag voor die Heilige Gees gekom het. *(Verteller tel 1 - en die kinders sê: "Nee, Hy is nog nie hier nie"; 2 - "Nee, Hy is nog..." tot by 10 - "Jippie! Hy is hier!")*

Die dag toe die Heilige Gees gekom het, was 'n baie spesiale dag - ons noem dit Pinkster.

Pinkster beteken 50. Ons maak gou 'n som en kyk of ons "50" kry. Wie kan onthou hoeveel dae nadat Jesus uit die dood opgestaan het, is Hy hemel toe? *(40 dae)*. Kom ons tel *(wys met albei hande 10, 20, 30, 40)* en vandat Jesus hemel toe is totdat die Heilige Gees gekom het, was nog 10 dae. Hoeveel dae is dit altesaam? *(Wag vir reaksie - 50)*.

Dit is wat daardie dag gebeur het:

Die Bybel vertel vir ons dat almal wat vir Jesus lief was, daardie oggend op een plek bymekaar was. *(Hand 2:1)*

Skielik het hulle die geluid van wind gehoor. Ek wonder of julle kan maak soos wind wat waai. Kom ons maak almal so. *(Vryf hande teen mekaar en sê: "Shooooo".)*

Dis baie mooi, maar die Bybel sê vir ons dit 'n geweldige stormwind *(Hand 2:2)*. Kom ons maak soos 'n baie, baie harde stormwind.

En toe...

Toe sien hulle iets. Hulle het iets gesien wat gelyk het soos klein vlammetjies en hierdie vlammetjies het bo elkeen van hulle gekom. Dit was nie vlamme wat hulle gebrand het nie, maar 'n teken dat die Heilige Gees gekom het. *(Elke kind sit een hand se vingerpunte bymekaar en hou dan sy hand bo die kind langs hom se kop sonder om aan sy kop te raak)*.

Die Heilige Gees was by hulle en hulle was nie meer alleen nie. *(Jippie!)* En van daardie dag af is die Heilige Gees in elkeen wat glo. *(Jippie!)*

Maar daar het nog 'n wonderteken gebeur. Ek wonder of julle weet wat daardie wonderteken was. *(Gee kans vir reaksie.)*

In die stad Jerusalem was daar 'n groot fees. Jode uit baie lande van die wêreld het na Jerusalem gekom om die fees by te woon. Hulle het verskillende tale gepraat omdat hulle in verskillende lande grootgeword het. Almal het die geluid gehoor en na die gebou gehardloop waar Jesus se vriende was. Gou-gou was daar 'n klomp mense bymekaar. Maar hulle kon nie glo wat hulle hoor nie. Handeling 2:4 vertel vir ons dat Jesus se vriende toe in verskillende tale begin praat het. Elke mens wat daar was, kon die taal hoor wat hy verstaan. Ek wonder hoe dit voel om skielik 'n ander taal te praat, 'n taal wat jy nog nooit kon praat nie. *(Gee kans om te reageer. Hoeveel verskillende tale kan julle opnoem? Lees in Hand 2:4 die tale wat die mense daardie dag gehoor het.)*

Hierdie is nou die wonderlikste deel van die storie:

Die dissipels, wat so bitter bang en hartseer was nadat Jesus opgevaar het, het skielik nie omgee dat almal weet hulle glo in Jesus as hul Verlosser nie. Hulle het sonder ophou vir almal vertel wat God gedoen het. *(Jippie!)*

Ek wonder wie kan vir my sê wat hulle alles vir die mense vertel het. *(Gee kans vir reaksie.)* Petrus het vir hulle vertel dat God lankal belowe het dat Hy die Heilige Gees sou stuur. Hy het vir hulle vertel van al die voorspellings in die Ou Testament oor Jesus wat sou kom en dat God Sy beloftes gehou het en dat Jesus gekom het. Jesus het baie wonderwerke gedoen, maar tog wou mense nie in Hom glo nie. Uiteindelik het hulle vir Jesus doodgemaak. Hy het vir hulle verduidelik dat Jesus nie meer dood is nie, maar dat Hy opgestaan het, dat Hy opgegaan het hemel toe en dat die Heilige Gees nou gekom het om by die gelowiges te wees. Hy het vir hulle verduidelik dat hulle moet glo in Jesus as dié Een wat almal van ons verlos van die straf van die sonde en dat ons in Hom moet glo.

Hy het ook gesê dat Jesus besig is om vir ons plek reg te maak om saam met Hom in die hemel te wees en dat Hy eendag weer gaan kom om ons te kom haal.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter deel van die storie was vir julle die heel mooiste.
2. Ek wonder watter deel van die storie is vir jou die belangrikste.
3. Ek wonder wie sou jy in die storie wou wees.
4. Ek wonder hoe kan jy vandag vir mense van God vertel.



WERSKAF

- ♦ Waaiertjie met die volgende woorde op die punte van die waaiertjie geskryf: (Instruksies op die volgende bladsy. Internet: ministry-to-children.com)
 - * Handeling 2:1-36
 - * Heilige Gees
 - * Pinkster
 - * Trooster
- ♦ Boekmerk: Die kinders maak 'n Bybelmerk met Handeling 2:3 en 4 geskryf. Laat hulle vlamme teken en aan die bopunt vasplak (soos op die foto). (examiner.com)
- ♦ Ballon: Laat die kinders vlamme uit rooi, oranje en geel papier en 'n duif uit wit papier knip en vasplak op 'n opgeblaasde rooi ballon. (dawnathome.typepad.com)
- ♦ Handjies wat vlammetjies maak. Die kinders trek die vorm van hul handjies af op geel, oranje of rooi papier en knip dit uit. Of hulle teken dit op wit papier en kleur dit geel, oranje of rooi in. Elkeen skryf in sy handjie patroon "Die Heilige Gees is God in ons." Die klas plak dan almal s'n in die vorm van een groot vuur bymekaar op een papier.

Sluit af met hierdie gebed:

Wind laat dink ons aan die Heilige Gees. Net soos ons asem binne-in ons is en ons aan die lewe hou, al kan ons dit nie sien nie, net so is die Heilige Gees in ons.

Vir die seënbede sê die kinders: "Die Heilige Gees is in my" en blaas hulle asem stadig uit in hul oop hande wat hulle voor hul monde hou.



Instruksies om die waaiertjie te maak:

Gebruik dun karton (ongeveer 15cm X 15cm) vir elke waaiertjie. Vou die karton diagonaal van hoek tot hoek, vou oop en vou weer in die ander rigting diagonaal van hoek tot hoek. Vou oop. Nou is daar 'n gevoude "X" oor die vierkant. Laat die kinders die 4 driehoeke aan elke kant versier (inkleur, verf, ens.). Sny nou eers van elke hoek af op die voulyn tot omtrent halfpad na die middelpunt toe. Bring al 4 hoeke na die middelpunt toe en steek 'n drukspyker deur die hoekies. Steek die drukspyker daarna in die uitveërtjie aan die bokant van die potlood. Moenie die drukspyker tot styf teenaan die uitveër vasdruk nie, anders sal dit nie draai nie. Blaas op die waaiertjie en kyk hoe hy draai (of hou dit teen die wind).

